Radikale Christenskap

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skriflesing: 1Joh.2:3-5 en 1Joh.5:1-5
Teks:1Joh.2:6

Onlangs het iemand die stelling teenoor my gemaak dat die wêreld waarin ons elke dag leef, so ver afgedwaal het van die wyse waarop Jesus wou hê dat ons moet leef, dat as **iemand leef soos wat Jesus geleef het,** ons daardie persoon as **"radikaal"** beskou.

Die beste voorbeelde van sulke lewens vind ons vandag in die vervolgde kerk. Daar waar godsdiens vryheid verbied word. Daar waar mense iets van hulself moet prysgee om Jesus te volg. Daar is baie ware verhale van mense wat alles vir Jesus opgeoffer het en wat geweier het om Jesus te verloën, selfs al kos dit hul lewe!

*So 'n gebeurtenis het in **pastoor Kim se gemeentetjie in Noord Korea** plaasgevind. Jare lank het pastor Kim en 27 van sy Koreaanse gemeentelede in tonnels gelewe wat hulle met die hand gegrawe het. Toe die kommuniste 'n pad daar begin bou, het hulle Christene ontdek wat ondergronds woon.*
Die groep is deur amptenare voor 'n skare van 30 000 in die dorpie Gok San uitgebring om 'n openbare verhoor en teregstelling te hê. Daar is aan hulle gesê: "Verloën Christus, anders sterf julle." Hulle het geweier.
Op hierdie tydstip het die Kommunistiese hoofoffisier bevel gegee dat die vier kinders in die groep gegryp en gereedgemaak word om gehang te word. Met die toue reeds om die kinder-nekkies het die offisier die ouers weer beveel om Christus te verloën.
Nog steeds het die gelowiges geweier om hulle geloof prys te gee. Aan die kinders het hulle gesê: "Ons sal julle binnekort in die hemel sien." Die kinders het stil gesterf.
Daarna het die offisier 'n stoomroller laat haal. Hy het die Christene gedwing om op die grond in die stoomroller se pad te gaan lê. Toe die reusemasjien se enjin begin dreun, is hulle nog 'n laaste kans gegun om hulle geloof in Jesus terug te trek. Weer het hulle geweier.
Terwyl die roller stadig vorentoe begin ry, het die Christene begin om 'n lied te sing wat hulle altyd saam gesing het. En terwyl hulle bene en liggaam onder die gewig

van die massiewe rollers vermorsel is, het die volgende woorde oor hulle lippe gekom:
"Groter liefde vir U, o Christus, groter liefde vir U.
U alleen begeer ek, groter liefde vir U.
As smarte my oorval, groter liefde vir U, dan sal my laaste woorde U steeds loof, sal my afskeidskreet uit my hart oprys: groter liefde, o Christus vir U."
(Aanhaling uit: "Fanaties vir Jesus". Gebeurtenis: Noord Korea- 1950)

Dit het tyd geword dat ons vandag 'n Christen generasie soek wat uit die staanspoor 'n keuse maak om radikaal vir Jesus te leef.

- Sulke Christene sal nie kompromieë met die wêreld aangaan nie.
- Hulle sal ook nie bang wees om vir Jesus standpunt in te neem nie.
- Hulle sal ook nie bang wees om self met hul lewe 'n voorbeeld te stel nie.
- Hulle sal elke dag begeer om op te tree soos wat Jesus sou optree.

Volgens die Bybel is, om gehoorsaam aan God te wees, nie 'n radikale lewe nie, maar net die normale Christelike lewe. Ons teksvers sê: *"Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het" – 1Joh.2:6*. Ons kan dit net regkry as die Heilige Gees ons hele lewe verander om soos Jesus te word.

1. Metanoia:

Die Griekse woord μετανοία verwys na: **wedergeboorte**, bekering, belydenis, hartsverandering (*repent, have a change of heart, turn from one's sins, change one's ways, be changed in form, **be transformed***).

Hoe is dit moontlik dat iemand wat gister nog soos 'n sondaar geleef het vandag 'n nuwe mens in Christus kan wees en sy rug totaal en al op die sonde kan draai? Soos 'n vrou onlangs vir my van haar man se skielike gedrag verandering gesê het: *"Dominee dit is te goed om waar te wees! Ek kan dit nie glo nie. Ek wil eers sien of dit waar is! Ek sal maar eers tyd gee voordat ek hom glo." Maak dan maar so,"* het ek gesê, want ek kon die ongeloof en wantroue in haar stem hoor en in haar oë sien!. Later loop ek haar weer raak vra haar: "*Hoe lyk jou man se lewe nou?"* en sê sy*: "**Ek sal hom seker nou maar moet glo? Wat kan ek anders doen! Hy het regtig verander! Hy bly so lewe! Nou sal ek ook maar seker moet verander!**"*
(Prys die Here vir Sy Reddende genade. Net God kan ons nuut maak en nuut laat bly lewe!)

Iemand wat deur die Gees van God ’n wedergebore kind van God word sal ’n totale metanoia ondergaan! (vgl.Joh.3:7-8).

Dit is soos ’n sywurm wat sterf en ’n papie word. Daardie wurm gaan dood. Daar bly niks meer van daardie wurm oor nie. Uit daardie dooie papie kom ’n nuwe mot of skoenlapper te voorskyn.

- **Die uiterlike** van die wurm het verander. *(Waar die wurm lank en rond was, het dit nou vrolike fladderende vlerke!)*
- **Die karakter** van die wurm het verander. (*Waar die wurm stadige slap bewegings uitgevoer het en meestal deur die blare was, is die mot of skoenlapper ’n vrolike vlinder wat fladder en vlieg)*
- **Die lewensdoel** van die wurm het verander. (*Waar die wurm se missie was om ten alle koste te vreet en te groei, is die missie van die mot of skoenlapper nou om voort te plant. Eiers lê en bevrugting is nou al wat op die wyfie of mannetjie mot se brein is. Hulle dink nie eers aan blare vreet nie!)*

Jy kan onmoontlik die wurm en die mot met mekaar verwar nie!
Kortom die wurm is nie meer ’n wurm nie, hy het gesterf. Hy het dood gegaan en ophou bestaan. Daar het ’n mot of skoenlapper uit die papie te voorskyn gekom wat radikaal anders is! (Paulus sê: “*ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe.”Gal.2:19-20*

Sommige mense noem hulself Christene, maar daar het geen radikale verandering in hul lewe plaasgevind nie. Hulle lewe nog dieselfde sondige lewe, hul bewegings is daagliks dieselfde roetine na dieselfde sondige plekke van die wêreld, hul prioriteite is nog dieselfde as voor hul oënskynlike bekering, hul taal het steeds dieselfde gebly, hul visie en missie het nie veel verander nie ens. Om die waarheid te sê alles en almal om hulle bly dieselfde. Hulle maak geen verskil waar hulle leef en werk nie. Die mense by die werk bly dieselfde en die mense by hul huis bly dieselfde Niks verander nie.

- **Eintlik is dit ’n belediging vir God as jy jouself ’n Christen noem, maar jou lewe het niks verander nie.** Die Bybel sê: “enigeen wat ’n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin.” **1Joh.5:4**

Wanneer jy wedergebore word, sterf jou ou sondige natuur. Jy ontvang die Heilige Gees wat in jou kom woon en jy ontvang God se natuur. Die Gees van God wat in jou kom woon, neem beheer oor **Van binne verander alles**: Jou siel word skoongewas met die bloed van Jesus. Jou denke, jou geaardheid, jou ideale, jou drome… ja alles verander. **Van buite verander alles ook:** Jou optrede verander, jou gewoontes verander, jou woorde verander, jou maniere verander, tot jou uiterlike verander. Mense sal tot aan jou gesig sien dat die liefde van Jesus nou in jou woon! (1Joh.4:12).

- (*Jammer mevrou, die plooie sal bly om te wys dat jy soos beleë kaas ryp in jare geword het!)*

- Die Bybel sê jy word **sout vir die aarde**, ’n **lig vir die wêreld** (Mt.5:6-7). Hierdie metafoor sê jou lewe is soos ’n katalisator, soos sout, wat ’n chemiese proses aan die gang sit. Dinge verander oral waar sout kom: sout verander smaak, is bederfwerend, bring genesing, ens. Christene verander die wêreld soos lig duisternis verdring. Hoe helderder die lig skyn hoe verder kan mense dit waarneem! ’n lig op ’n staander kan nie geheim gehou word nie. Mense word aangetrek na lig, soos ’n mot na ’n kers…
- **Eintlik is dit absoluut onmoontlik om ’n ware wedergebore Christen te word en steeds in jou ou sondige lewenstyl voort te gaan. Ware wedergeboorte behoort die begin van herlewing te wees.**

Kom ons maak net gou ’n vergelyking wat die resultaat (vrug) van die Heilige Gees op een aspek van ons lewe is. Kom ons neem ons denke as voorbeeld:

Gedagte beheer deur die Gees	**Gedagte beheer deur Satan**
Liefde	Onvergewensgesind, bitterheid, jaloesie, haatdraend, woede
Blydskap	Terneergedruktheid, wanhoop, ontmoediging
Vrede	Emosionele spanning, bekommernis
Geduld	Ongeduld, selfsug, ontevrede, geïrriteerd, humeurigheid
Vriendelikheid	Strengheid, wreedheid, onbedagsaamheid, argumenteerdery
Goedheid	Vuil gedagtes, pornografie, flankeerdery, verleiding
Geloof	Twyfel, angs, besluitloosheid,

	negatiwiteit
Sagmoedigheid	Hoogmoed, selfverheffing, onenigheid, tweedrag
Selfbeheersing	Dronkenskap, geen selfbeheersing, vraatsug, skinder, laster,

2. Die toets vir ons Metanoia (wedergeboorte):

As ingenieurs by ’n motorvervaardiger soos bv. Mercedes Benz, ’n nuwe motor ontwerp en gebou het, is dit nog nie te sê dat daardie motor aan al die verwagtinge gaan voldoen nie. Daardie motor word wreed behandel en aan talle strawwe toetse onderwerp. Dit word behoorlik klaar gery. Tot die verflagie word in uiters warm son en natuurtoestande getoets in geheime plekke. Eers as dit die toets geslaag het, is die produk reg vir die mark. Al wat die eienaar van die trotse nuwe motor moet doen, is om die regulasies van die handleiding van die motor, **gehoorsaam** te volg. As hy die handleiding van die motor **gehoorsaam** volg en die motor volgens voorskrif diens, dan sal die motor bevredigende diens lewer!

Die Vader het Sy seun Jesus Christus aan die strafste toetse onderwerp. Hy moes in ons plek vir ons sonde sterf sodat ons ’n metanoia kan ondergaan. Hy het die toets klaar aan die kruis op Golgota betaal en geslaag. Hy het die sonde oorwin en uit die dood opgestaan. Sy Gees kom woon nou in elke kind van Hom wat begeer om Sy verlossing te ontvang. Sy Gees waarborg aan ons ’n metanoia.

Die Bybel sê eenvoudig die toets vir ons wedergeboorte (metanoia), lê in ons gehoorsaamheid aan God se Woord.

- Die liefde vir God bestaan daarin dat ons Sy gebooie gehoorsaam.
- Sy gebooie is nie moeilik om te gehoorsaam nie, enigeen wat ’n kind van God is, kan die sonde oorwin! (1Joh.5:3-4)

Iemand wat waarlik ’n metamorfose (metanoia) ondergaan het, wat wedergebore is en in wie die Heilige Gees beheer oorgeneem het sal:

- **Anders begin dink**: ***Spr.4:23*** *sê: “Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.”*
- **Anders begin praat**: ***Mt.12:34*** *sê: “Waar die hart van vol is loop die mond van oor”* ***Jak.3:10*** *“Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers, so moet dit nie wees nie.”*

- **Anders begin optree:** ***Jes.30:21****"Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou 'n stem hoor sê: 'Hier is die pad, loop hierlangs.'* ***Jak.2:14*** *"Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie?"*

Let op 1Joh.2:6: **"Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het."** Dit beteken ons moet Jesus se karaktertrekke weerspieël. Ons moet dieselfde belange as Hy op die hart dra. Mense moet Jesus in ons optrede herken. Ons moet radikaal soos Jesus leef.

God het vir ons die Bybel as handleiding gegee om ons te leer om soos Jesus te leef.

Daar is niks wat God so teleurstel soos ongehoorsaamheid nie! Moses het God persoonlik geken, sy hele lewe was hy gehoorsaam aan God. Net een keer was hy ongehoorsaam toe hy die rots geslaan het in plaas van daarmee gepraat het. God was so teleurgesteld in Moses se optrede wat Sy eer aangetas het, dat Moses, al was Hy God se gunsteling leier, vir sy straf, nie die beloofde land kon ingaan nie. *"Omdat julle My nie erken het en <u>My, die Heilige,</u> nie voor die Israeliete <u>gehoorsaam</u> was nie, sal julle hierdie volk nie inlei in die land wat Ek aan hulle gee nie." (Num20 :12)*

God het bedoel dat ons radikaal anders as die wêreld sal leef. Reeds toe Israel in die woestyn was, het God hulle geleer dat hulle nie die ander volke se afgode moet aanbid, met hulle moet ondertrou en hulle sondige gewoontes moet aanleer nie.
'n Kind van God is anders as die res van die wêreld. Ons is Arende nie hoenders nie, ons is skoenlappers nie wurms nie. Ons is Heiliges, nie sondaars nie.

Ons lewe in die wêreld, maar ons lewe nie soos die wêreld nie!

Die Woord van God wil elke ware Christen oproep om soos Jesus te leef. Radikaal anders te leef as die wêreld.

- Laat die liefde van Jesus uit jou lewe uitstraal. Bedien mense, met 'n nederige voetewassende liefde.
- Seën jou medemens oral waar jy kan.
- Bid vir siek mense vir genesing, vir hul bewaring en beskerming.

- Bemoedig die moedeloses, troos die wat hartseer is.
- Bring die blye boodskap van verlossing oral waar jy gaan.
- Verlig mense se fisiese nood so ver jy kan. Help alle mense in hul nood.

Verniet het jy dit ontvang en verniet kan jy dit in liefde uitdeel. **Jy het die gesag van God ontvang en met die gesag van God kan jy in liefde ’n verskil in mense se lewens gaan maak.**
Besluit vandag om ’n RADIKALE CHRISTEN vir God te word! Laat die Gees van God die vuur in jou hart aansteek. Gaan keer die wêreld vir God om met jou nuwe lewe!

Amen